

## Nuwe Lied Bediening



*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!**

### Parashah 17: Yitro– Jetro

*Yitro, die nie-Levietiese priester van Midyan, Moshe se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Moshe en vir Sy volk Yisra'el gedoen het; hoe יהוה Yisra'el uit Egipte uitgebring het. Ex. 18:1 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Exodus 18:1 tot 20:26.

**Haftorah:** Jes. 6:1 tot 7:6 en Jes. 9:5 en 6.

**Nuwe Verbond:** Matth. 5:17 tot 19; Matth. 6:1 tot 8:1; Matth. 19:16-30; John 14:15; Rom. 7:7 tot 12; Rom. 13:8 tot 10; Hebr. 12:18 tot 29; Jak. 2:8 tot 13; 1 Joh. 2:3 tot 6; 1 Joh. 3:4 tot 10.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 17 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*Faith and works are bound up in the same bundle. He that obeys God trusts God; and he that trusts God obeys God. He that is without faith is without works; and he that is without works is without faith. – Charles Spurgeon.*

*I believe the promises of God enough to venture an eternity on them. – Isaac Watts.*

*The issue of faith is not so much whether we believe in God, but whether we believe the God we believe in. – RC Sproul.*

*Faith is not something that goes against the evidence, it goes beyond it. – Alister McGrath.*

*Baie mense sal oor die waarheid struikel en selfs val, maar dan weer opstaan, hulself afstof en met die leuen voortgaan.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL\_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

*Faith is to believe what you do not see; the reward of this faith is to see what you believe – Augustine.*

*There is nothing impossible with God. All the impossibility is with us when we measure God by the limitations of our unbelief. – Smith Wigglesworth.*

## **Torah Bespreking**

### **Hersiening**

In verlede week se Torahskriflesing het Yisra'el 'die pad gevat' na die Beloofde Land en die hoogtepunt was die deurtog deur die Rooisee wat ook 'n sinnbeeld van die waterdoop deur onderdompeling is. Paulus herinner ons hieraan in 1 Kor. 10:1-4:

- 1My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het,
- 2almal deur Moshe ingedoop is in die wolk en in die see,
- 3almal dieselfde geestelike kos geëet het
- 4en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat is en die Rots is Die Gesalfde Een.

Maar dan herinner Paulus ons ook daaraan dat יהוה-God met die meeste van hulle nie tevrede was nie, want hulle het in die woestyn gesterf sonder om die Beloofde Land in besit te neem. Daarom dien Yisra'el van ouds as waarskuwing sodat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie (2 Kor. 10:5-6). En laastens voeg Paulus by:

- 11Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom.
- 12 Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. 1Kor. 10:11-12.

Ons moet uit Yisra'el se foute leer, want ons is ook op 'n wildernistog in hierdie wêreld waar Satan as god van hierdie wêreld hom verander in 'n engel van die lig (2 Kor. 11:14). In die lig van wêreldgebeure besef ons dat die einde van die wêreld het by ons aangekom en daarom moet elkeen wat dink hy/sy staan oppas dat hy/sy nie val nie!

Ons moet waaksaam en wakker wees, want ons vyand, die teëstander, brul soos 'n leeu en loop rond en soek wie hy kan verslind. Hom moet ons teëstaan terwyl ons vasstaan in vertroue en weet dat ons broers en susters oor die wêreld dieselfde lyding ondergaan (1 Pet. 5:8 en 9).

Die wyse wat ons Satan effektief teëstaan en oorwin is om ons eerstens aan יהוה se Karakter en Outoriteit te onderwerp deur gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua as Koning, Profeet en Melgisédék Hoofpriester vervul is. Tweedens nader ons tot God as gereinig van sonde deur die kosbare bloed van Yeshua, die Lam van God. Derdens nader ons tot God in nederigheid. Alleen dan staan ons op teen die teëstander en hy sal van ons af wegvlug (Jak. 4:7-10).

Die volgorde is belangrik! Eers as gereinigdes in gehoorsaamheid onself in nederigheid aan יהוה onderwerp en dan weerstaan ons Satan.

יהוה-God vereis gehoorsaamheid van elkeen wat bely dat Yeshua Die Gesalfde Een is. Daarom sê Yeshua dat as ons Hom liefhet sal ons Sy Woord (Torah) bewaar en dan sal die Vader ons liefhê en beide sal by ons woning maak (Joh. 14:23). יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid in ons elkeen se huis – die fisies gebou en ons liggaam – sal Satan verdryf! Die groot probleem is die feit dat die meeste gelowiges hulle nie ten volle aan יהוה onderwerp nie – soos byvoorbeeld om nie al tien gebooue te onderhou nie – en daarom nie oorwinning oor Satan behaal nie. Dit is dan wanneer die dief kom om te steel, dood te maak en te vernietig (Joh. 10:10).

Tydens Yisra'el se wildernistog kon hulle nie onderlinge verdeeldheid en wetteloosheid toelaat nie, want dit sou hulle as volk verswak en kwesbaar maak vir die vyand. Liefde vir יהוה en liefde vir naaste, met gevolglike onderlinge ondersteuning, was hulle krag! Daarom is dit goed om onself te herinner aan die volgende woorde van Paulus:

- <sup>1</sup> Ons wat sterk is, is dit verskuldig om die swakhede van die wat nie sterk is nie te dra en nie onself tevrede te stel nie,
- <sup>2</sup> want elkeen van ons moet ons medemens tevrede stel in dit wat goed is tot opbouing,
- <sup>3</sup> want ook Die Gesalfde Een het Homself nie tevrede gestel nie, maar net soos geskrywe is: “Die verwyte van die wat U beledig, het op My geval.”
- <sup>4</sup> Alles wat van die ou tyd af geskryf is, is geskryf vir ons tot lering sodat ons deur volhardende geduld en vertroosting vanuit die Skrifte 'n versekerde verwagting kan hê.
- <sup>5</sup> Mag die God van volhardende geduld en vertroosting gee dat julle mekaar met gelykheid ag in Yeshua Die Gesalfde Een
- <sup>6</sup> sodat julle God, die Vader van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, met een gedagte en uit een mond kan eer, loof en aanbid. Rom. 15:1-6.

Dit is nodig dat ons die gesindheid van ons Meester Yeshua, veral in hierdie tye, moet openbaar deur bereidwilligheid om ander te dien en nie gedien te word nie (Matt. 29:28) en in nederigheid die een die ander hoër te ag as homself (Fil. 2:3)!

## Die Sinai Ontmoeting

Die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing is die aankoms by die berg Sinai. Dit was Yisra'el se eerste baie belangrike afspraak met יהוה op hul tog na die Beloofde Land!

- <sup>1</sup> In die derde maand nadat die kinders van Yisra'el uit die land van Egipte uitgegaan het, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis van Sinai gekom.
- <sup>2</sup> Hulle het van Refidim af opgebreek, in die wildernis van Sinai gekom en in die wildernis kamp opgeslaan. Yisra'el het daar voor die berg kamp opgeslaan. Ex. 19:1-2.

Sewe weke na die uittoeg uit Egipte staan Yisra'el gereed aan die voet van Sinai om יהוה se Torah te ontvang. Hierdie dag en gebeurtenis staan as *Shavout* bekend – die Fees van Weke (Pinksterfees)

Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op 'n afstand bly staan. Ex. 20:18.

יהוה self het hierdie afspraak met Sy volk Yisra'el gereël en die doel was om Homself op so 'n wyse te openbaar dat elkeen, sowel as die nageslagte, die Karakter en Outoriteit van El-'Olam, die Ewige Magtige God, sal ken. Hierdie is die enigste keer in die geskiedenis waar die hele Yisra'el 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting met יהוה die Almagtige gehad het! Die

sowat drie miljoen Yisra'eliete het almal יהוה se stem gehoor en niemand het getwyfel oor wat hulle gehoor het nie, want hulle het dit self direk van God gehoor!

By Sinai het יהוה Sy eiendomsvolk versamel om aan hulle 'n huweliksaanbod te maak. Dit was in opvolg van יהוה se bewys van Sy liefde vir Yisra'el toe Hy hulle van die Egiptiese slawejuk bevry het. Dit was ook 'n voortsetting en uitbreiding van die verbond met Abraham.

Hierdie was יהוה se liefdesverklaring van Sy begeerte om in alle opsigte vir hulle te voorsien, naamlik om as Bruidegom hulle יהוה-Yireh (Voorsiener) na gees, siel en liggaam te wees. As bewys van hierdie liefde en voorneme, het יהוה Homself bereid verklaar om dit deur 'n huweliksverbond (*ketuba*) vir ewig te bekragtig.

Die sluit van hierdie bloedverbond en die inhoud (die Torah) daarvan word in Ex. 19:5 tot Ex. 24:11 beskryf. Hierdie staan bekend as die boek van die verbond (Ex. 24:7-8).

<sup>7</sup>Hy het die Boek van die Verbond gevat en dit voor die ore van die volk geles en hulle het gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees.”

<sup>8</sup>Moshe vat die bloed en sprinkel dit op die volk en sê: “Hierdie is die bloed van die verbond wat יהוה met julle gesluit het volgens al hierdie woorde.”

Hierdie huweliksverbond was die versekering dat indien Yisra'el יהוה se onderrig en instruksies (Torah) nougeset in hulle lewens toepas, dan sal hulle nooit weer slawe wees nie – nie slawe van mense nie en ook nie geestelike slawe nie!! Wie kan so 'n liefde weerstaan en so 'n aanbod weier?! Al wat יהוה van Yisra'el gevra het, word in Ex. 19:3-8 opgesom:

<sup>3</sup>Moshe het opgeklim na God toe en יהוה het uitgeroep na hom van die berg af en gesê: “So moet jy vir die huis van Ya'akov sê en aan die seuns van Yisra'el vertel:

<sup>4</sup>Julle het gesien wat Ek aan die Mitzrayimiete gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het;

<sup>5</sup>daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne.

<sup>6</sup>Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê.”

<sup>7</sup>Moshe het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat יהוה hom beveel het.

<sup>8</sup>Die hele volk het saam geantwoord en gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen.” Moshe het die woorde van die volk teruggevat na יהוה toe.

Soos reeds genoem staan hierdie dag en gebeurtenis bekend as *Shavout*, die Fees van Weke (Pinksterfees)

Die gee van יהוה se Torah, en die ontvangs en bevestiging daarvan by wyse van 'n verbond, is 'n sinnebeeld van die uitstorting van die Afgesonderde Gees.

Na Pesag (sinnebeeld van wedergeboorte en bekering) en die deurtog deur die Rooisee (sinnebeeld van die waterdoop) moet ons elkeen by 'Sinai' vertoef om יהוה se Torah soos dit in Yeshua Die Gesalfde Een vervul is te “ontvang”, asook die Afgesonderde Gees te ontvang! Alleenlik dan is ons gereed om die tog deur die wildernis van hierdie wêreld na die Beloofde Land (die beloftes) aan te pak!

Dit is baie belangrik om die volgende te onthou: Die volgelingen van Yeshua was op die dag van *Shavuot* (Pinkster) bymekaar om hierdie fees te gedenk!! Soos Yisra'el van ouds het hulle hulself ook voorberei vir hierdie afspraak (ontmoeting) met יהוה. Waarskynlik het hulle

hierdie keer ‘n verwagtinge verlangte gehad na die belofte wat Yeshua hulle aan herinner het voordat Hy in die hemel opgeneem is, naamlik:

**4** Terwyl Hy saam met hulle brood geëet het, het Hy hulle beveel om nie van Yerushalayim af weg te gaan nie, maar om: “Te wag op die belofte van die Vader, wat julle van My gehoor het,

**5** want Yoganan het met water gedoop, maar julle sal, nie baie dae hierna nie, met die Gees wat Afgesonderd is gedoop word.” Hand. 1:4 en 5

Ons lees ook: “Hulle het almal as een volhard in gebed, in een gees” (Hand. 1:14).

Dan lees ons die volgende in Hand. 2:1 tot 4:

**1** Toe die dae tot by die Fees van weke (Shavu’ot) voltooid was, was hulle almal as een bymekaar

**2** en daar kom skielik uit die hemel ’n klank soos van ’n magtige stormwind en dit het die hele huis, waarin hulle gesit het, gevul.

**3** Daar verskyn aan hulle tonge soos van vuur, wat self verdeel en op elkeen van hulle gaan sit

**4** en hulle is almal volgemaak met die Gees wat Afgesonderd is en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat.

Soos Yisra’el van ouds by die berg Sinai het die volgelinge van Yeshua die sigbare manifestasie van יהוה die Almagtige gesien en gehoor. Dit was soos ‘n geweldige rukwind en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Net soos Yisra’el van ouds het die gelowiges in Yeshua ook die manifestasie van יהוה se woorde soos tonge van vuur gesien! Anders as met Yisra’el by die berg het die vuur van יהוה nie die Torah op kliptafels geskryf nie, **MAAR** op die tafels van die harte van elke gelowige in Yeshua!! Dit was die vervulling van die profesie deur Jeremia:

**31** Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek met die huis van Yisra’el en die huis van Y’hudah ’n nuwe verbond sal sluit,

**32** nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek Meester oor hulle was,” verklaar יהוה.

**33** Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra’el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees.

**34** Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: ‘Ken יהוה,’ want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,” verklaar יהוה, “want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.” Jer. 31:31 tot 34.

Dit is die nuwe verbond wat יהוה met die huis van Yisra’el en die huis van Y’hudah gesluit het soos die skrywer van die brief aan die Hebreërs dit bevestig (Heb. 8:8 tot 12).

### **In Gees en Waarheid.**

Ons lees in Joh. 4:22-24 waar Yeshua aan die Samaritaanse vrou sê:

**22** Julle aanbid wat julle nie ken nie; ons aanbid wat ons ken. Hy wat Lewe is, is vanuit die Jode,

23 maar daar kom 'n tyd en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en waarheid sal aanbid, want die Vader soek dié wat Hom só aanbid.

24 God is Gees en dit is toepaslik dat hulle wat Hom aanbid, in Gees en waarheid aanbid.”

Wat beteken dit dat die ware aanbidders die Vader in Gees en in Waarheid aanbid?

Om te *aanbid* het 'n veelvoudige betekenis en is ondermeer *om eer te betoon; te bewonder; verootmoediging; om neergeboë te wees; om plat op jou aangesig in bewondering te lê; nederige onderdanigheid met 'n gesindheid van absolute bewondering*. Letterlik beteken dit soos *'n hond wat sy eienaar se hand liefderyk lek – to show affection*.

Wat beteken dit om *in Gees* te aanbid? Dit verwys na die Afgesonderde Gees. Dit is om te aanbid met die gesindheid en in die Karakter en Outoriteit van die Afgesonderde Gees!

Wat is waarheid? יהוה se Torah is waarheid soos ondermeer die volgende Skrif bevestig!!

Die respekvolle vrees van יהוה is rein: dit hou aan vir ewig; die oordele (Torah) van יהוה is waarheid: hulle is volkome regverdig. Ps. 19:10.

U onpartydige opregtheid is vir ewig en U wet (Torah) is waarheid. Ps. 119:142.

U, o יהוה, is naby en al U opdragte (Torah) is waarheid – Ps. 119:151.

Daarom kan ons Joh. 4:23 en 24 ook vrylik soos volg vertaal:

maar daar kom 'n tyd en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en **Torah** (waarheid) sal aanbid, want die Vader soek dié wat Hom só aanbid. God is Gees en dit is toepaslik dat hulle wat Hom aanbid, in Gees en **Torah** (waarheid) aanbid.

Wat is die heel basiese vereiste waaraan voldoen moet word om in Gees en Waarheid te kan aanbid? Die antwoord is:

37Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip.

38Dit is die eerste en grootste opdrag

39en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete.” Matt.22:37 tot 39 – PWL

Om יהוה met my hele wese lief te hê is om die volgende te hoor en te doen (Joh. 14:21, 23 en 24)

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.”

Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak.

Hy wat My nie liefhet nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het.

Geen mens kan in Gees en Waarheid aanbid indien יהוה se Torah as uitgedien verwerp word! Die mens wat verklaar dat hy vry van יהוה se wet (Torah) is, en glo dat hy in Gees en Waarheid aanbid, ken יהוה nie en is 'n leuenaar.

Luister aandagtig na die woorde in 1 Joh. 2:3 en 4:

<sup>3</sup>Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer.

<sup>4</sup>Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie,

So 'n mens aanbid met onrein lippe, want יהוה is Gees en Sy Gees leer ons om Torah gehoorsaam te wees!! Dit sluit aan by die Haftorahskriflesing: "'n Man van Onrein Lippe". Onthou: Doelbewuste sonde veroorsaak onreinheid en sonde is die oortreding van Torah (1 Joh. 4:3).

### **Bepeins of Bespreek**

1. Tereg kan ook gevra word met watter gees is diegene gevul wat hulself as vry van יהוה se Torah beskou, maar oortuig is dat hulle God in Gees en in waarheid aanbid? Is dit met die Gees van יהוה? Hierdie vraag word bespreek in dié artikel: [GB1.Jan14WatterGees.](#)
2. Volgens Hebreeuse denke is Torah-gehoorsaamheid die hoogste vorm van aanbidding! Lofprysing (aanbidding) deur sang en musiek is slegs 'n uitvloeisel van ware aanbidding deur Torah-gehoorsaamheid!
3. The Ten Commandments may be summarized this way: 1) "I am your only deliverer, the One who loves and chooses you; 2) love me exclusively; 3) regard my love as sacred; 4) rest in me; 5) honour your life and its history. Do no harm to others: 6) forsake anger, 7) abandon lust, 8) renounce greed, and 9) abhor lying. 10) Refuse envy. Know that you belong to me and that you are accepted. Love others as you are also loved... (Hebrew4Christians)

## **Haftorah Bespreking**

### **'n Man van Onrein Lippe.**

Die ooreenkoms tussen hierdie week se Torah- en Haftorahskriflesing (Jes. 6:1 tot 7:6 en Jes. 9:5 en 6 ) is te vinde in Ex. 20:18 en Jes. 6:4 onderskeidelik. In beide gevalle het die manifestasie van יהוה se Gemanifisteerde Teenwoordigheid plaasgevind.

Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op 'n afstand bly staan. Ex. 20:18.

Die fondasies van die drumpels het gebewe deur die stem van hom wat uitgeroep het, terwyl die tempel vol rook geword het. Jes. 6:4.

Jesaja het 'n visioen gehad van יהוה wat op 'n hoë en verhewe troon sit terwyl die sleep van Sy kleeft die tempel vul. Hierdie Gemanifisteerde Teenwoordigheid van יהוה was so oorweldigend dat Jesaja uitgeroep het:

Wee my, ek is vernietig, want ek is ‘n man van onrein lippe en ek woon onder ‘n volk van onrein lippe, want my oë het die Koning, יהוה-Tzva’ot, gesien!” Jes. 6:5

Dit herinner ons aan die gebeure by Sinai toe die volk in die teenwoordigheid van יהוה gestaan het.

Dit was nie net die fisiese ervaring van rook, donderslae en blitse wat gemaak het dat Yisra’el gebewe het nie, maar ook die woorde uit יהוה se mond. Elke woord het יהוה se Afgesonderdheid (Heiligheid) en Oppergesag bevestig. Yisra’el was bevrees omrede hul besef het dat hulle skuldig is. Die tien woorde van יהוה het hulle geoordeel! Eerbiedige ontsag (vrees) vir יהוה het die kamp gevul in afwagting van moontlike straf wat hulle opgelê gaan word!

Maar Yisra’el was van die slawejuk van Egipte verlos en na Sinai gebring om aan יהוה verloof te raak. Hulle sondes van die verlede is in Egipte deur die geslagde paaslam en die bloed aan die deurkosyne vergewe. Sinai was die bevestiging van die nuwe begin (nuwe lewe van wedergeboorte) vir Yisra’el. Hulle het almal deur die rooiese getrek – die sinnebeeld van die doop in water. Al wat יהוה nou van elkeen vra is vertroue in יהוה as Voorsiener en getrouheid aan Sy Torah. Hierop het die hele volk gereageer deur eenparig te sê: Al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen (Ex. 24:3).

Maar in Deut. 29:14-15 lees ons dat saam met Yisra’el het die nageslagte ook by Sinai gestaan.

**14**Ek sluit nie nou hierdie verbond en hierdie eed met jul alleen nie,

**15**maar beide met hulle wat vandag hier saam met ons voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, staan én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie.

Hiervolgens is dit duidelik dat Jesaja as te ware ook by Sinai teenwoordig was. Hy was soos Yisra’el ook skuldig aan die aanbidding van die goue kalf. Daarom het Jesaja, toe hy die visioen van die manifestasie van יהוה se Afgesonderdheid en Gemanifisteerde Teenwoordigheid in die tempel ervaar het, uitgeroep:

Wee my, ek is vernietig, want ek is ‘n man van onrein lippe en ek woon onder ‘n volk van onrein lippe, want my oë het die Koning, יהוה-Tzva’ot, gesien!” Jes. 6:5.

Telkens wanneer Yisra’el in Torah-ongehoorsaamheid verval het, naamlik nie gedoen het nie volgens die Torah van Moses wat hulle in bewaring moes hou (Gal. 3:23-25), het hulle lippe onrein geword, want die woorde wat hulle by Sinai gespreek het, naamlik: “Al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen” (Ex. 24:3), het ‘n leuen geword.

Yisra’el se reinheid het in onreinheid verander! Daarom het Jesaja onder die diepe besef van sy eie sonde gekom, asook onder die besef van die sonde van die volk onder wie hy woon, en dus van sy eie onwaardigheid om in יהוה se teenwoordigheid te staan. Jesaja het geweet dat dit wat onrein is nie in יהוה se teenwoordigheid mag staan nie.

Maar waar daar ‘n besef van sonde was, en wat met opregte berou gepaard gegaan het, en waar ‘n verlange na die beloofde Verlosser was wat יהוה-God sou stuur, daar was die onverdiende guns van יהוה oorvloedig. Daarom lees ons wat Jesaja ervaar het:

**6** Toe het een van die serafs na my toe gevlieg met ‘n brandende kool in sy hand, wat hy met ‘n tang van die altaar afgehaal het.



<sup>7</sup>Hy het my mond aangeraak en gesê: “Let op, dit het jou lippe aangeraak en jou wetsoortreding is weggevat en jou sonde vergewe.” Jes. 6:6 en 7

Jesaja se oortredinge van Torah is vergewe deur ‘n brandende kool vanaf die brandofferaltaar – die plek waar daar vir die sondes van die volk geoffer was. Nou het Jesaja se onreinheid in reinheid verander. Sy onrein lippe was nou lippe van reinheid en hy was gereed om as profeet na die volk te gaan om hulle te waarsku van יהוה se naderende strafgerigte indien hulle nie terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid nie.

Toe hoor ek die stem van יהוה sê: “Wie sal Ek stuur en wie sal vir Ons gaan?” Toe antwoord ek: “Hier is ek, stuur my.”

Wat ‘n pragtige sinnebeeld van יהוה se onverdiende guns van die nuwe verbond!

Soos Yisra’el en Jesaja het ons ook as te ware by Sinai gestaan en bely dat “al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen”. En ons was ook skuldig aan die aanbidding van die goue kalf! Daar was ook ‘n skuldbrief teen ons! Wanneer ons dan tot besef kom van יהוה se Afgesonderheid, en ‘n klein stukkie van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid ervaar, sal ons ook soos Jesaja uitroep!

Wee my, ek is vernietig, want ek is ‘n man van onrein lippe en ek woon onder ‘n volk van onrein lippe, want my oë het die Koning, יהוה-Tzva’ot, gesien!”

En wanneer ons dan soos Jesaja met berou tot die besef van ons onreinheid weens ons sonde kom, sal ‘n brandende kool van יהוה se brandofferaltaar, naamlik van die folterpaal waaraan Yeshua gehang het, ook ons lippe aanraak sodat ons weer rein sal word en gereed vir dienswerk as studentevolgelinge van Yeshua om Sy Koninkryk uit te brei!

Toe Jesaja gesê het dat sy oë die Koning, יהוה-Tzava’ot, gesien het, het hy geweet dat hy te doen het met יהוה van die hemelse leërmag! יהוה is deur Yeshua die Aanvoerder in oorlog en die Beskermer (die Verdediger) van Sy volk.

Gerrie Coetzee skryf aangaande יהוה-Tzava’ot die volgende in sy boek: “God van die Verbond”, bladsy 34:

Daar is 'n hemelse leërmag wat teen die bose veg en יהוה se kinders beskerm – daar is 'n geestelike oorlog aan die gang! יהוה self is die Hoof daarvan; dit is Sy Naam! Yes 1:9; 2 Kor 6:18; Ya'a 5:4. Hierdie oorlog duur voort in die geestelike realm en loop oor in die fisiese wanneer Satan en sy magte ons van יהוה af wil wegkeer of Sy verlossing in ons sonder effek wil maak. Hy steel ons vrede, doen skade, maak ons moedeloos om so יהוה se verlossingswerk in ons teë te staan en te probeer afbreek. Ons laat hom toe deur ongehoorsaamheid, deur nie te vertrou nie en deur sonde. As ons nie aktief teen hom staan en die aanvalle afkeer nie, is dit nie lank nie of ons leef 'n verloor-lewe van vrugtelooheid. Ya'akov 4:7 "Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen Satan en hy sal van julle af wegvlug."

Ons elkeen moet seker maak dat יהוה-Tzava’ot ons Bevelvoerder en Beskermer is!

## **Bepeins of Bespreek**

1. Hoor ons ook die stem van יהוה wat vra: *Wie sal Ek stuur, en wie sal vir ons gaan? Wat is jou antwoord?*

2. Ons word ook gestuur om aan die volk (die kerk) te sê: “Hou aan luister, maar begryp nie; hou aan kyk, maar verstaan nie. Maak die verstand, wil en emosie van hierdie volk onsensitief, hulle ore dig en hulle oë dof, anders kan hulle dalk met hul oë sien, met hul ore hoor en met hul verstand, wil en emosie verstaan en terugdraai en gesond gemaak word.” (Jes. 6:9 en 10).
3. Wie is daar wat nog vrees, naamlik met eerbiedige ontsag gevul word wanneer die tien gebooue gelees word? Is dit nie tyd dat ons almal opnuut ‘n Sinai-ervaring ondergaan nie?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*